# 686. EK SIEN ‘N WEG

```
             A               D     A
1.       Ek sien ‘n poort wyd ope staan
              D       A      E
         en deur die aardse duister
              A            D       A
         bestraal ‘n Lig my lewensbaan
                      E       A
         met wonderskone luister.

                E               D
Refrein:       Yahshua het op Golgota
                     A       D     A     E
               die skuld gedra, vir jou en my,
                   A      D      A     E      A
               vir my, vir my, gesterwe ook vir my!

              A             D     A
2.       Die eew’ge weg is vir Sy volk
              D       A        E
         wat redding soek van sonde.
             A         D       A
         Verlore skape kan ook nou
                      E          A
         verlos wees deur Sy wonde.

             A               D     A
3.       Die reddingsweg lei tot Sy troon;
              D         A      E
         hou moed, al dreig die vyand;
                 A               D       A
         neem Hom dan aan, en win die kroon,
                   E          A
         die gawe van die Heiland!

             A               D     A
4.       Die lydensweg het Hy gegaan,
              D       A      E
         hier tot ons heil gegewe;
              A            D     A
         dan dra ons in die koninkryk
                       E        A
         die kroon van eew’ge lewe.
```